Heidelbergse Kategismus

Sondag: 24

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 24

Vraag 62: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of ’n deel daarvan wees nie?

Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is.

Vraag 63: Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon?

Antwoord: Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee.

Vraag 64: Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?

Antwoord: Nee, want dit is onmoontlik dat ’n mens wat deur ’n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie

Vraag 62: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of ’n deel daarvan wees nie?

Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem



Deuteronomium 27:26: Vervloek is die een wat die woorde van hierdie wet nie bevestig deur dit uit te leef nie.’ En die hele volk moet ‘Amen’ sê.”

Galasiërs 3:10: Trouens, diegene wat op die uitvoering van die wet staatmaak, val onder ’n vloek, want daar staan geskryf: “Vervloek is elkeen wat nie hou by alles wat in die Wet geskryf staan, en dit nie uitvoer nie.”

Vraag 62: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of ’n deel daarvan wees nie?

Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is.



Jesaja 64:6: Ons almal het geword soos iets wat onrein is, soos ’n besoedelde kledingstuk is al ons geregtighede. Ons almal het verwelk soos blare, en soos die wind het ons sondeskuld ons weggedra.

Vraag 63: Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon?

Antwoord: Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee.



Lukas 17:10: Dieselfde geld vir julle: Wanneer julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan, 'Ons is nikswerd slawe. Ons het net gedoen wat ons moes doen.' "

Vraag 64: Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?

Antwoord: Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie.



Matteus 7:18: 'n Goeie boom kan nie slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom kan nie goeie vrugte dra nie.

Johannes 15:5: Ek is die druiwestok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug, want sonder My kan julle niks doen nie.

SONDAG: 24 - VRAAG EN ANTWOORD: 62

Vraag: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of ’n deel daarvan wees nie?

Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem[1] en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is[2].

1 Deuteronomium 27:26; Galasiërs 3:10
2 Jesaja 64:6

SONDAG: 24 - VRAAG EN ANTWOORD: 63

Vraag: Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon?

Antwoord: Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee[1]

1 Lukas 17:10

SONDAG: 24 - VRAAG EN ANTWOORD: 64

Vraag: Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?

Antwoord: Nee, want dit is onmoontlik dat ’n mens wat deur ’n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie[1]

1 Matteus 7:18; Johannes 15:5

Kopiereg

© 2026